Rietvallei

Tambotie Vreugde

21-23 JANUARIE 2022

Na die Desember/Januarie vakansie het ons die nuwe jaar aangepak en by ons eerste kamp van 2022 uitgekom by Tamboti Vreugde. Soos in die verlede was die 2km grondpad maar redelik sleg, maar die 11 woorwaens wat bygewoon het, het dit gemaak. Die grondpad na die oord was gelukkig nie so sleg nie. Vroeg Donderdag oggend was die meeste al daar en opgeslaan.

Die Donderdag het begin met groot feesviering toe ons almal onder die lapa bymekaargekom het vir koek en tee. Dit was egter nie net 'n gewone koek en tee nie, maar kon Hein sy verjaarsdagkoek opsny ter viering van sy 80ste verjaarsdag. Voorwaar 'n geseënde ouderdom en die voorreg om nog te kan kamp.

Vrydag het die laaste karavaan opgedaag. Vrydagaand het met 'n heerlike Jan Braai Boereworsrol met tamatie-rissiesmoor begin. Later het ons boekevat gehou en bietjie gekyk wat lê in 2022 vir ons voor. Almal het sommer lekker onder die lapa gekuier.

Die Saterdag oggend was dit sommer van vroeg af lekker warm. Almal het maar hul eie ding gedoen en 'n paar van ons het so by 11h00 vertrek na Arlington Brewery vir 'n

lekker koue bier en iets om te eet. Die kuier was baie lekker en Rudi en Magda het ook vir ons kom kuier daar.

Die res van die Saterdag was 'n lekker rustige kuier dag. Teen 16h00 het ons weer by die lapa bymekaar gekom vir iets om te drink met 'n paar lekker eetgoedtjies. Ons het lekker geproe aan al die tuisgemaakte skemerkelkies, en die wenner was alweer Elmarie. Later die aand het die hele groep weer lekker gebraai en gekuier tot laat aand.

Die Sondag was 'n rusdag. Boekevatgelentheid was gelei deur Frans. Die tema van wat wag in 2022 is weer aangespreek. Na afloop van die die boekevat is die afsluiting afgehandel. Daarna het ons lekker gekuier by die lapa, met koekies en koffie en tee.

So het ons eerste kamp vir 2022 tot einde gekom en almal het huiswaards gekeer.

So is 'n uiters suksesvolle naweek afgesluit. Van die kampkoördineerder, aan almal wat die naweek saam kom kamp het, en aan al die aktiwiteite deelgeneem het, 'n hartlike dankie.

Tot 'n volgende keer
SAWA-groete
Frans en Stefanie